DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**16 Januarie 2022**



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Filippense 1: 1-18 |
| **Tema** | "n Perfekte kerk? |
| **Sang** | Psalm 128: 1, 3<br>Skrifberyming 12-4: 1, 2, 3<br>Psalm 130: 1, 2<br>89: 1, 2<br>71: 1, 14 |

Fil 2: 1 – 5 leer ons: **Leef volgens wat julle al beleef het.** Paulus se uitspraak in 1:27 dat die gelowiges in Filippi eensgesind moes leef – wat die kern van sy boodskap saamvat in Filippense 1:27-2:18 – word deur hom uitgestippel. Die Heilige Gees gee vir ons 6 sleutels om as 'n oop, warm gemeente te leef.

**1. Deel dieselfde visie en doel – een in liefde, een van hart, een in strewe.** In vers 1, 2 is dit duidelik Christenskap is nie 'n solo-sport nie … **aangesien julle** … vat mekaar se hande. In saamwees, lê die getuienis van die Christelike gemeenskap wat mense na Christus sal trek.

**2. Beoefen gemeenskaplike respek teenoor mekaar (vs. 3, 4).** Daar is sleutelwoorde wat ons moet onthou: nederigheid (vers 3). As elkeen van ons – nie net hier en daar 'n paar wat dit een-een probeer nie, maar werklik elkeen van ons! – bereid sou wees om nederig te wees, sal dit onvermydelik tot een van visie, hart en strewe lei.

Nederigheid = vrywillig om ander gelowiges se belange bo ons s'n stel (vers 4). Anders kom ons by selfsug (vers 3), sodat iemand anders tog net nie 'n bietjie beter daaraan toe mag wees nie; eersug (vers 3) deur te verwag dat ander gelowiges tog net moet raaksien hoe belangrik ek is; of 'n beheptheid met ons eie belange (vers 4).

**3. Om die gesindheid van Christus te hê (vs. 5, 6).** Volgelinge van Jesus lewe volgens Christus se Gees en denke. Want, ons is deel van Sy liggaam. Ons is deur die genade in Hom ingeënt. Ons groei en leef uit Hom.

**4. Maak Christus sigbaar in die wêreld deur nederigheid (vs. 7, 8).** Paulus sê spesifiek in v 8 dat Christus die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Hy het die laaste stap geneem deur te sterf. Die soort dood wat Hy gesterf het, is in daardie tyd as 'n vreeslike vernedering beskou. Kruise was destyds bedoel vir kriminele. 'n Persoon wat aan 'n kruis gehang het, het daar gehang as iemand wat deur die samelewing verwerp is. Vir Paulus wek die woord "kruis" net positiewe gevoelens op. Op 'n vreemde manier het God juis dié veragtelike dood van Christus omskep in iets wat die wêreld onherkenbaar sou verander. Sy dood word 'n dood ter wille van ander, 'n dood waardeur mense losgekoop word van hulle sonde en op grond waarvan hulle aangeneem kon word as God se kinders. Omdat ons deel het aan Christus, moet Christus se gedagtes ons gedagtes word en moet Sy gesindheid ons gesindheid word.

**5. Maak God ons fokus, deur ons knie voor hom te buig (vs. 9-11).** In vers 10 en 11 gebruik Paulus 'n aanhaling uit Jes 45:23 in die Griekse Ou Testament. In v 10 word gesê dat elkeen in die hemel en op aarde en onder die aarde moet erken dat Christus die Here is. Die aangrypende beskrywing van Christus se verhoging in v 9-11 wys maar net dat ons nie altyd werklik Christus se vernedering verstaan nie, maar dat ons dikwels ook nie sy verhoging reg begryp nie. Hy is God, voor wie al die magte sidderend en bewend moet erken: U is die Here!

**6. Met eerbied en ontsag as verloste mense lewe (vs. 12).**
Ons moet ons daarop toelê om as verloste mense te lewe, met eerbied en ontsag. Dié uitdrukking verwys na die "heilige vrees" wat mense oorval as hulle besef dat hulle in God se teenwoordigheid is. Diens = om God in alle omstandighede te dien. Ander mense sal God in ons sien en hulle gesindheid verander.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Hennie Oelofse wat baie pyn het. Julie en die kinders versorg hom tuis. Hulle vra ons gebede om staande te bly.
* Alwina Beyneveld is in die hospitaal opgeneem. Ons bid vir haar, JN en die familie dat sy spoedig gesond sal wees.
* Ons bid vir Stienie Steynberg wat in die siekeboeg van Ons Tuiste opgeneem is.
* Die katkisasie open vandag vir al die klasse. Ons dank die ouers wat getrou voortgegaan het met die lesse in die handleidings.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 16 NOV 2022

**Diensbeurt:** Wyk C4

**Katkisasie:** Graad 11

**Ouderling:** **Marthinus vd Walt**

**Diaken:** **Koemi vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# PLASINGS IN DIE BASUIN




# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 16 Jan 2022 | Na erediens | *Kerk* | Katkisasie opening |
| 17 Jan 2022 | 18:00 | *Kerk* | Diakens vergaderring |
| 18 Jan 2022 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 Jan 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 Jan 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 20 Jan 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 20 Jan 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 16 Jan | ***Kotie Cilliers *****<br>***Hennie Korff **** | ***80***<br>***72*** | B<br>B | 072 292 6832<br>072 190 2991 |
| Ma 17 Jan | ***Gert Olivier **** <br>Welma Venter | ***77***<br>57 | B<br>B | 083 275 9062<br>083 263 5375 |
| Do 20 Jan | Ryno Swanepoel | 36 | B | 079 631 5702 |
| Vr 21 Jan | ***Dawie vd Merwe **** | ***76*** | B | 082 564 3755 |
| Sa 22 Jan | Comin vd Walt<br>Gerhard Fourie | 60<br>7 | B<br>D | 084 438 6872<br>015 296 4208 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 22 Jan 1999 | Louis & Elna Pienaar | 23 | 082 419 8882 |

# TEESKINKBEURTE



**16 Januarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers en suster aan die gemeente voorgehou as ouderlinge en diakens:

**Ouderlinge:**


Martin Erasmus
Kobus Coetsee
Willie Eilers


**Diaken:**

Rika Jongbloed
JN Beyeneveldt
Ruan Olivier
Matthew Llewellyn

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
OKT
R 111 270.83
R 131 749.06
NOV
R 119 456.00
R 148 081.17
DES
R 148 026.00
R 139 167.17


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 19 667.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
NOV
R 45 686.72
R 19 607.58
DES
R 26 780.00
R 26 363.64

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | **admin@gereformeerd.co.za** |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.*

*Filippense 1: 1 & 2*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS